



REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
GOVERNMENT GAZETTE

STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REGULATION GAZETTE No. 2890

PRICE + 1c GST 20c PRYS + 1c AVB

REGULASIEKOERANT No. 2890

Registered at the Post Office as a Newspaper

ABROAD 30c BUITELANDS

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

POST FREE · POSVRY

Vol. 172]

PRETORIA, 16 OCTOBER 1979
OKTOBER 1979

[No. 6704

GOVERNMENT NOTICE

DEPARTMENT OF JUSTICE

No. R. 2319

16 October 1979

JUDGES.—AMENDMENT OF REGULATIONS IN RESPECT OF TRANSPORT AND ALLOWANCES

The State President has, under and by virtue of the powers vested in him by section 2 of the Judges Remuneration Act, 1978 (Act 91 of 1978), been pleased to amend the Regulations published under Government Notice R. 15 of 7 January 1972, as amended, as set out in the Schedule hereto.

SCHEDULE

1. The amendment of regulation 9—

(a) by the substitution in subregulation (1) for the words "according to the relevant tariff prescribed from time to time in terms of section 26 (1) of the Public Service Act, 1957 (Act 54 of 1957)" of the words "at a tariff of 25 cents per kilometre"; and

(b) by the insertion after subregulation (2) of the following subregulation:

"(2A) At the commencement and end of each session of the Appellate Division the Chief Justice and his spouse and any judge of that division and his spouse may, if they are not permanently resident in Bloemfontein, travel from their residence to Bloemfontein and back at state expense by aeroplane or train or at a remuneration of 25c per kilometre by private motor vehicle, and the allowance mentioned in regulation 10 (1) may be paid in respect of such a judge and his spouse as if he were absent from his headquarters on official duty for the duration of the journey concerned."

2. The amendment of regulation 10—

(a) by the substitution in subregulation (1) for the expressions "R20", "R30" and "R15" of the expressions "R30", "R40" and "R20", respectively;

(b) by the substitution in subregulation (3) for the expressions "R20" and "R30" of the expressions "R30" and "R40", respectively; and

16316—A

GOEWERMENSKENNISGEWING

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE

No. R. 2319

16 Oktober 1979

REGTERS.—WYSIGING VAN REGULASIES BETREFFENDE VERVOER EN TOELAES

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 2 van die Wet op Besoldiging van Regters, 1978 (Wet 91 van 1978), die Regulasies afgekondig by Goewermenskennisgewing R. 15 van 7 Januarie 1972, soos gewysig, te wysig soos in die Bylae hierby uiteengesit.

BYLAE

1. Regulasie 9 word gewysig—

(a) deur in subregulasie (1) die woorde "volgens die tersaaklike tarief wat van tyd tot tyd ingevolge artikel 26 (1) van die Staatsdienswet, 1957 (Wet 54 van 1957), voorgeskryf word" deur die woorde "teen 'n tarief van 25 sent per kilometer" te vervang; en

(b) deur na subregulasie (2) die volgende subregulasie in te voeg:

"(2A) By die aanvang en na afloop van elke sessie van die Appèlafdeling kan die Hoofregter en sy eggenote en 'n regter van daardie afdeling en sy eggenote, indien hulle nie permanent in Bloemfontein woonagtig is nie, op staatskoste per vliegtuig of per trein of, teen vergoeding van 25c per kilometer, per private motorvoertuig van hul woonplek na Bloemfontein en terug reis, en kan die toelae in regulasie 10 (1) bedoel ten opsigte van so 'n regter en sy eggenote betaal word asof hy op amptelike diens vir die duur van die betrokke reis van sy hoofkwartier afwesig was."

2. Regulasie 10 word gewysig—

(a) deur in subregulasie (1) die uitdrukkings "R20", "R30" en "R15" deur onderskeidelik die uitdrukkings "R30", "R40" en "R20" te vervang;

(b) deur in subregulasie (3) die uitdrukkings "R20" en "R30" deur onderskeidelik die uitdrukkings "R30" en "R40" te vervang; en

6704—1

(c) by the insertion of the following subregulation:

"(4) For a period of absence on official duty of less than 24 hours in the circumstances mentioned in subregulation (1) or (3) an amount equal to the reasonable actual expenses of a judge or acting judge shall be paid."

3. The amendment of regulation 11 by the substitution for the expressions "R200", "R25" and "R1" of the expressions "R270", "R35" and "R1,25", respectively.

4. The insertion after regulation 11 of the following regulations:

"11A. If an amount payable in terms of regulation 10 or 11 (b) is less than the amount which a judge or acting judge reasonably had to spend in respect of subsistence, such a judge or acting judge is, instead, paid an amount equal to the amount so spent.

11B. Anyone appointed as an acting judge is paid an amount of R10 per day for the maintenance by him of his practice as advocate for the duration of such appointment."

(c) deur die volgende subregulasie by te voeg:

"(4) Vir 'n tydperk van afwesigheid van minder as 24 uur op amptelike diens in die omstandighede in subregulasie (1) of (3) genoem, word 'n bedrag gelykstaande met die redelike werklike uitgawes van 'n regter of waarnemende regter betaal."

3. Regulasie 11 word gewysig deur die uitdrukkings "R200", "R25" en "R1" deur onderskeidelik die uitdrukkings "R270", "R35" en "R1,25" te vervang.

4. Na regulasie 11 word die volgende regulasies ingevoeg:

"11A. Indien 'n bedrag wat ingevolge regulasie 10 of 11 (b) betaalbaar is, minder is as die bedrag wat 'n regter of waarnemende regter redelikerwys in verband met verblyf moes bestee, word daar, in plaas van daardie bedrag, 'n bedrag gelykstaande met die bedrag wat aldus bestee is, aan so 'n regter of waarnemende regter betaal.

11B. Aan iemand wat as waarnemende regter aangestel is word daar, vir die duur van sodanige aanstelling, 'n bedrag van R10 per dag betaal vir die instandhouding van sy praktyk as advokaat."

CONTENTS

No.	Page No.	Gazette No.
Justice, Department of		
Government Notice		
R. 2319		
Judges Remuneration Act (91/1978): Amendment of regulations in respect of transport and allowances.....	1	6704

INHOUD

No.	Bladsy No.	Staats- koerant No.
Justisie, Departement van		
Goewermenskennisgewing		
R. 2319		
Wet op Besoldiging van Regters (91/1978): Wysiging van regulasies betreffende ver- voer en toelaes.....	1	6704